9 April 2015

Parlement van Suid-Afrika
Kaapstad

Minister Nathi Mthethwa
Minister van Kuns en Kultuur

10de vloer, Kingsley-sentrum
481 Hoek van Steve Biko- en Pretorius-straat
Arcadia

MEMORANDUM TER BESKERMING VAN AFRIKANER-ERFENIS

AfriForum Jeug is van mening dat die Afrikaner se geskiedenis bewaar moet word. Dié jeugorganisasie glo in wedersydse erkenning en respek tussen alle Suid-Afrikaners.

Na die onlangse vandalisering en vernietiging van verskeie standbeelde in Suid-Afrika, is dit vir AfriForum Jeug belangrik om hierdie memorandum by die Parlement in te dien vir die dringende aandag van die minister van kuns en kultuur, mnr. Nathi Mthethwa én die portefeuljekomitee vir kuns en kultuur.

AfriForum Jeug versoek die volgende:

- Die bewaring en beveiliging van Afrikaner-standbeelde en -monumente. Hierdeur vra ons dat standbeelde/monumente afgesper word. Alternatiewelik kan lae-graad veiligheidswagte voltyds aangestel word om verdere vandalisering te voorkom.
- Die vervolging van alle oortreders wat hulself skuldig maak aan vandalisme. Hierdeur versoek ons dat die departement van kuns en kultuur ook sake aanhangig maak teen oortreders en stappe sal neem teen lede van politieke partye wat opswepende uitsprake in dié verband maak.
- Die ondertekening van die memorandum wat sal dien as onderneming van die departement om gehoor te gee aan AfriForum Jeug se versoeke.
- AfriForum Jeug versoek die ondertekening van die memorandum, nie later nie as Dinsdag, 28 April. Alternatiewelik versoek AfriForum Jeug skriftelike terugvoer voor of op Dinsdag, 28 April, indien daar ôn behoefte tot wysigings aan die ooreenkoms is.

Henk Maree
Nasionale Voorsitter: AfriForum Jeug
Sel: 083 280 2470
E-pos: henk@afriforum.co.za